LIBERTY

Own your life

# Die krag van die debietorder

‘n Maandelikse debietorder is ‘n kragtige beleggingsinstrument: ‘n klein bedraggie geld wat elke maand opsygesit word vir ‘n beleggingspolis of effektetrusts kan groei tot ‘n aansienlike neseier.

## Vyf redes om per debietorder te belê

1. **Dit dissiplineer jou om te spaar.** ’n Debietorder word van jou bankrekening afgetrek nog voordat jy die geld kan bestee en sodoende leer jy om klaar te kom met die geld wat in jou rekening oorbly.

2. **Jou spaargeld groei oor ‘n tydperk.** ‘n Relatief klein debietorder kan oor ‘n tydperk ‘n aansienlike bedrag geld word. Byvoorbeeld, ‘n maandelikse debietorder van net R200 (minder as die koste van uiteet saam met jou gesin) wat oor ‘n tydperk van 10 jaar betaal word, kan tot soveel as R40 000 werd wees as die belegging danksy die krag van saamgestelde groei teen 10% per jaar aanwas.


3. **Dit verklein die risiko van emosionele belegging.** Met ‘n enkelbedrag-belegging in aandele het die tydsberekening van toetrede tot die mark ‘n beduidende uitwerking op die beleggingsopbrengs. Ons emosies vergroot die kans dat ons op die verkeerde tyd sal belê: ons is geneig om ‘hoog’ te mik wanneer ons koop en ‘laag’ wanneer ons verkoop as ons vasgevang is in emosies (sien grafiek op volgende bladsy).

4. **Dit beskerm jou belegging teen die risiko van swak tydsberekening** omdat jy koop sowel wanneer die mark in ‘n opwaartse fase is, as wanneer dit afwaarts neig. Hierdie soort ‘ingefaseerde’ belegging staan bekend as rand-koste gelykmaking, omdat dit help om die opbrengs op jou belegging te stabiliseer.

5. **Dit verminder die algehele prys van jou aandele.** Jy koop meer aandele wanneer die pryse laag is en minder wanneer dit hoog is, wat die algehele prys wat jy vir die totale aantal eenhede in jou rekening betaal het, verminder.

Vir meer inligting oor belegging per debietorder, praat met jou finansiële adviseur of skakel ons by **0860 456 789.**

Hoe bewegings in die mark beleggingsentiment beïnvloed




Let op: SWIX is 'n maatstaf vir die vertoning van aandele vir die meeste Suid-Afrikaanse beleggers.

**Maandelikse belegging beskerm jou geld**

'n Studie wat verlede jaar deur Plexus Batebestuur uitgevoer is, dui aan dat net 23 van die 108 binnelandse aandele-effektetrusts oor die jaartydperk wat op 31 Julie 2009 geëindig het, positiewe opbrengste getoon het vir beleggers wat aan die begin van daardie jaar 'n enkelbedrag belê het. Sommige effektetrusts het verliese van meer as 9.4% getoon.

Die resultate is egter heeltemal anders vir beleggers wat hul belegging ingefaseer het deur heeljaar aandele te koop: nie een van die 108 aandelefondse het vir daardie beleggers geld verloor nie.

*"Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde*

*diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang."*